# HOËRSKOOL OOS-MOOT

# SOSIALE FUNKSIEBELEID

## INHOUDSOPGAWE


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | TITEL VAN BELEID | | 3 |
| 2. | INWERKINGTREDINGSDATUM | | 3 |
| 3. | DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING | | 3 |
| 4. | HERSIENINGSGESKIEDENIS | | 3 |
| 5. | DOEL | | 3 |
| 6. | ALGEMENE REGULASIES | | 3 |
| 7. | SOSIALE AKTIWITEITE | | 4 |
| 8. | FUNKSIES VIR ALLE GRADE (8 TOT 12) | | 4 |
| | 8.1 | Junior Sokkie | 4 |
| | 8.2 | Valentynsbal | 4 |
| | 8.3 | Lentesokkie | 4 |
| | 8.4 | Reëlings | 4 |
| 9. | FUNKSIES VIR SPESIFIEKE GRADE | | 5 |
| | 9.1 | Tiara bal (Graad 11) | 5 |
| | 9.2 | Matriekafskeid (Graad 12) | 6 |
| 11. | GEESVANGGELEENTHEDE | | 9 |
| 12. | VEILIGHEID EN SEKURITEIT | | 9 |
| 13. | GOEDKEURING | | 10 |


**WYSIGINGSGESKIEDENIS**

| **Aard van wysiging** | **Datum goedgekeur** |
|---|---|
| Eerste goedkeuring | 17 Februarie 2025 |
| Hersiening | 22 September 2025 |
| | |
| | |

## 1. TITEL VAN BELEID

Die titel van hierdie dokument is *Sosiale funksiebeleid van Hoërskool Oos-Moo*t.

## 2. INWERKINGTREDINGSDATUM

Die implementering van hierdie beleid sal effektief wees met die goedkeuring van die Skool se Beheerliggaam.

## 3. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING

Hierdie beleid sal elke drie jaar hersien word of vroeër wanneer daar 'n verandering in relevante wetgewende raamwerk of operasionele vereistes is of op versoek van die Hoof.

## 4. HERSIENINGSGESKIEDENIS

Sien wysigingsgeskiedenis

## 5. DOEL

Hierdie beleid se doel is om te verseker dat al ons leerders en hulle gaste 'n veilige en genotvolle dag/aand geniet.

Hierdie beleid en reëls sal konsekwent en sonder diskriminasie toegepas word.

Die bywoning van die onderskeie funksies is 'n voorreg en nie 'n reg nie, enige leerder mag uitgesluit word as gevolg van sy/haar gedragsrekord of bywoningsrekord al word die funksie buite die skoolterrein gehou.

## 6. ALGEMENE REGULASIES

a) Alle reëls en regulasies soos vervat in die Gedragskode van Hoërskool Oos-Moot is van toepassing tydens enige skoolfunksie en sal deur alle personeel (insluitend hekwagte) toegepas word.

b) Die skool behou die reg voor om enige leerder aan verdere deelname tot skoolfunksies te verbied indien hul optrede nie in lyn is met die algemene aanvaarbare gedragskodes van Hoërskool Oos-Moot nie.

c) Leerders wat ten tye van die funksie of aangeleentheid straftydperk deurgaan, verbeur ook die voorreg om aan die funksie of aangeleentheid deel te neem tydens die straftydperk soos gestipuleer.

d) Enige oortreding of wangedrag begaan tydens 'n Hoërskool Oos-Mootfunksie of aangeleentheid sal dienooreenkomstig die Gedragskode van Hoërskool Oos-Moot hanteer word.

e) Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van ouers/voogde om te verseker dat leerders betyds vir sosiale funksies is en ook onmiddellik na afloop van die funksie by die skoolhek opgelaai word. Dit is nie die verantwoordelikheid van die toesighoudende personeel of skool om agter te bly en die leerders by te staan wat steeds op hul vervoer wag nie.

f) Daar sal slegs tot 30 minute na 'n funksie toesig by 'n fasiliteit wees.

g) Geen parkering binne die skoolterrein nie. Slegs die betrokke personeel sal toegelaat word.

Hierdie reëls is in oorleg met die gedragskode van Hoërskool Oos-Moot en word as amptelik aanvaar deur die beheerliggaam van die skool.

Die ondertekening van die Algemene skoolreëls en toelatingsbeleid van Hoërskool Oos-Moot, bind dus ook elke leerder tot die inagneming en aanvaarding van die bindende regulasies soos uiteengesit in hierdie dokument.

## 7. SOSIALE AKTIWITEITE

Hoërskool Oos-Moot bied jaarliks die volgende sosiale funksies aan:

- Junior Sokkie (Gr.8 en 9 - Januarie) ten bate van sport
- Valentynsbal (Gr.8 tot 12 – Februarie) ten bate van die graad 10 Veldskool
- Lentesokkie (Gr.8 tot 12) ten bate van die Matriekraad en Kultuur
- Tiarabal (Gr.11 – Julie) ten bate van die matriekafskeid
- Matriekafskeid (Gr.12)
- Geesvanggeleenthede (bv. *color run,* kaskardag ensovoorts)

Die bostaande funksies is onderhewig aan die volgende regulasies soos vasgestel deur die Bestuurspan van Hoërskool Oos-Moot en soos dit onderskryf word deur die skool se beheerliggaam:

## 8. FUNKSIES VIR ALLE GRADE

Die volgende funksies is vir **alle graad 8- tot 12-leerders** en die fondse sal soos volg aangewend word:

### 8.1 Junior Sokkie

a) Kleredrag: Informeel

b) Bywoning: Slegs huidige Hoërskool Oos-Mootleerders word by dié funksies toegelaat.

### 8.2 Valentynsbal

a) Kleredrag: Semi-formeel (geen kortbroeke vir seuns of dogters)

b) Bywoning: Slegs huidige Hoërskool Oos-Mootleerders word by dié funksies toegelaat.

### 8.3 Lentesokkie

a) Kleredrag: Informeel

b) Bywoning: Slegs huidige Hoërskool Oos-Mootleerders word by dié funksies toegelaat.

### 8.4 Reëlings

a) Die begintye van die funksies, vir die leerders, is 18:00 vir 18:30 en die eindtyd 22:00 (tensy anders gereël).

b) Geen motors word op die terrein toegelaat nie, behalwe dié van toesighoudende personeel nie. Leerders mag ook nie op die terrein afgelaai word nie.

c) Enige breekskade word teen die leerder se rekening gefaktureer. Geen versierings mag afgebreek en huis toe geneem word nie. Hierdie versierings word geleen of gehuur en is nie die leerder se besitting nie. In sodanige geval sal die skool se Gedragskode toegepas word.

d) Geen persoon mag voor die afsnytyd alleen die skoolterrein verlaat nie, tensy die leerder se ouers die leerder self by die skoolhek opgelaai word en ‘n reëling het wat voor die aand gemaak is met die toesighouers. Vir die doel van veiligheid sal die skool se toegangshekke gedurende die funksie gesluit wees.

e) Leerders moet ten alle tye betaamlik geklee wees. Personeel behou die reg voor om enige leerder wat onwelvoeglik geklee is te versoek om hulself korrek te gaan aantrek.

f) Die toesighouers mag op enige tydstip ‘n leerder se handsak, rugsak of enige drasak deursoek indien daar ‘n redelike vermoede bestaan dat die leerder in besit is van enige verbode middels of ‘n gevaarlike voorwerp. Gekonfiskeerde items word nie terugbesorg nie.

i) Geen leerder sal toegelaat word tot die lokaal met enige waterbottels, koeldrankbottels of enige vloeistowwe wat nie by die perseel gekoop is nie. Enige bottel sal verwyder word, ongeag die inhoud van die bottel.

j) Geen onwettige middels of voorwerpe (alkoholiese drankies, tabakprodukte, vapes, e-sigarette, gevaarlike voorwerpe/wapens en vlambare items - sien Gedragskode van die skool) of lewende hawe word op die terrein van die fasiliteit toegelaat nie.

k) Die aanbied van sokkies of danse, word gereël deur die aangewese personeellid of die skool se VLR en is onderhewig aan die goedkeuring van die bestuur. Voorstelle moet skriftelik deurgegee word aan die personeellid en/of die VLR-voogde indien daar veranderinge versoek word.

## 9. FUNKSIES VIR SPESIFIEKE GRADE

### 9.1 Tiara bal (Graad 11)

a) ’n Sosiale geleentheid vir **slegs die graad 11-leerders** en hul gades waar ’n aansit-ete bedien sal word.

b) Befondsing
Die fondse word aangewend vir die matriekafskeid.

c) Kleredrag
Semi-formeel

- Seuns : Chino’s, netjiese broek en knoophemp met das.
- Dogters : Stylvolle aandrok, Tiara of blommekrans soos die tradisie vereis.

d) Metgeselle

i) Oos-Moot leerders
Slegs graad 11- en 12-leerders van die Hoërskool Oos-Moot word as metgeselle toegelaat.

ii) Leerders van buite die skool

Indien leerders van buite die skool genooi word, geld die volgende:

- Slegs metgeselle tot en met 21 jarige ouderdom mag die funksie bywoon.
- Indien ’n buite persoon genooi word, moet ’n keuringsvorm voltooi word en kan die keuringskomitee besluit of die persoon toegelaat sal word.

  Die aansoekvorm vir ’n buite persoon sal by die organiseerder van die betrokke funksie beskikbaar wees en die volgende moet verskaf word:

  ❖ ‘n Kopie van die ID-dokument en ‘n huidige foto moet verskaf word.

  ❖ ‘n Ander skool se leerder moet ‘n brief inhandig met die briefhoof van die skool waar hy/sy ‘n leerder is en wat onderteken is deur die betrokke skool se hoof.

- Die afsnydatum vir die aansoek vir buite-persone is agt (8) weke voor die funksie

e) Funksie (verloop)

- Ouers laai leerders af in 33ste laan en ry deur na die hek in Hertzogstraat.
- Geen parkering binne die skoolterrein nie.

*Let wel:*

Hierdie is slegs ’n fondsinsameling vir die matriekafskeid en ouers hoef nie onnodige onkostes aan te gaan om dit vergelykbaar te maak met die matriekafskeid nie.

**9.2 Matriekafskeid (Graad 12)**

a) ’n Geleentheid om die graad 12-skooljaar met ’n deftige funksie af te sluit.

b) Befondsing

- Die jaarlikse Valentynsbalfondsinsameling lewer ’n gedeeltelike finansiële bydrae vir die matriekafskeid. Dié fondse word aangewend as finansiële hulpmiddel vir die Valentynsbal- en Matriekafskeiduitgawes wat aangegaan word.
- Fondsinsamelings deur die graad 11-leerders.
- Sokkie-geleentheid (indien addisionele fondse benodig word).

c) Matriekafskeidkomitee

i. Die matriekafskeidkomitee bestaan uit die hooforganiseerder, hulporganiseerder, finansiële beamptes en die hoof.

ii. Die matriekafskeidkomitee in oorleg met die skoolhoof bepaal jaarliks die koste van die kaartjies. Die koste van die spyseniering word wel deur die komitee bepaal, met inagneming van die spyskaart.

iii. ’n Voorlegging ten opsigte van die matriekafskeid (fasiliteit, koste, spyskaart, ens.) word aan skool se bestuur en die hoof gedoen.

iv. Die matriekafskeidkomitee sal besluit waar die matriekafskeid aangebied word. Die skoolhoof het die laaste sê indien daar ‘n dispuut is.

v. Verantwoordelikhede.

Die reëlings aangaande die volgende sake moet getref word:

- ‘n JOC moet, op versoek, deur Geboue en Terrein, gedoen word. Daarsonder kan die funksie nie gehou word nie.
- Mediese noodhulp
- Funksie-etiket moet met die matrieks bespreek word.
- Hulp met behoeftige leerders t.o.v. rokke en bywoningskoste.
- Uitnodigings
- Kos
- Saalversiering
- Bediening van die kos
- Tafelplasings
- Bedankings
- Opruiming na die funksie
- Skakeling met leerders
- Geskenke
- Hantering van eksterne gaste (keuring)
- Insameling van gelde (finansiële beampte)
- Betaling van rekeninge (finansiële beampte)
- Toesig

vi. Graad 12-onderwyspersoneel woon die funksie kosteloos by.

d) Matrikulante

- Samewerking ten opsigte van betaling moet gegee word.
- Ouers/voogde is verantwoordelik vir die volle vereffening van die leerder se kostes.
- Reëlings ten opsigte van betalingsooreenkomste kan met die finansiële beampte asook die organiseerder gekommunikeer word.
- Geen terugbetaling van fooie met kansellasie is van toepassing na die afsnydatum nie. Die finale afsnydatum is een maand voor die matriekafskeid.
- Hou by tydskedules, afsnydatums en reëlings.
- Leerders en eksterne gaste is onderhewig aan die amptelike skoolreëls en gedragskode.

e) Metgeselle

i. Oos-Moot leerders

- Slegs gr. 11 en 12 leerders van die Hoërskool Oos-Moot word as metgeselle toegelaat.
- Graad 12-leerders van Hoërskool Oos-Moot betaal die toepaslike tarief wat vasgestel is vir die jaar.
- Graad 11 Oos-Moot leerders wat die funksie as ’n metgesel bywoon betaal die verhoogde bedrag soos bepaal vir ’n leerder van buite die skool.

ii. Leerders van buite die skool

Indien leerders van buite die skool genooi word, geld die volgende:

- Slegs metgeselle tot en met 21 jarige ouderdom mag die funksie bywoon.

- Indien ‘n buite persoon ’n Oos-Moot leerder vergesel, moet ‘n verhoogde bedrag (soos bepaal) betaal word vir die voorreg om ‘n graad 11 of 12 leerder van ‘n ander skool te nooi. Die bedrag sal jaarliks aangepas word.

- Indien ’n buite persoon genooi word, kan die keuringskomitee besluit of die persoon toegelaat sal word. Die keuringskomitee sal bestaan uit die Skoolhoof en die verteenwoordigende onderwyser.

  - ❖ Die aansoekvorm vir ’n buite persoon sal by die organiseerder van die ‘n Kopie van die ID-dokument en ‘n huidige paspoortfoto moet verskaf word.
  - ❖ ‘n Ander skool se leerder moet ‘n brief inhandig met die briefhoof van die skool waar hy/sy ‘n leerder is en wat onderteken is deur die betrokke skool se hoof.

- Die afsnydatum vir die aansoek vir buite persone is agt (8) weke voor die matriekafskeid sodat daar nog twee (2) weke tyd is om ‘n alternatiewe metgesel te kry indien die aansoek afgekeur word. Dus moet alle name (finale naamlys) 3 weke voor die tyd aan die komitee bekend wees.

f) Funksie

i. Die begintyd van die funksie is 17:30 en die eindtyd is 23:00. (Hierdie tyd mag aangepas word op versoek van die betrokke jaargroep, onderhewig aan die feit dat dit die meerderheidsversoek is. In so ‘n geval sal die tyd met die betrokke groep bevestig word.)

ii. Geen voertuie (buiten dié van Oos-Moot personeel) sal toegelaat word om tydens die funksie op die terrein te parkeer nie.

iii. Hoërskool Oos-Moot onderskryf en ondersteun geen “after-party” nie en sal gevolglik geen fasiliteite of logistieke ondersteuning daaraan verleen nie. Hoërskool Oos-Moot aanvaar dus ook geen aanspreeklikheid vir enige insident wat hieruit mag voorspruit nie.

iv. Leerders moet ten alle tye betaamlik geklee wees. Personeel behou die reg voor om enige leerder wat onwelvoeglik geklee is te versoek om hulself korrek te gaan aantrek.

v. Die toesighouers mag op enige tydstip ‘n leerder se handsak, rugsak of enige drasak deursoek indien daar ‘n redelike vermoede bestaan dat die leerder in besit is van enige verbode middels of ‘n gevaarlike voorwerp.

vi. Geen leerder sal toegelaat word tot die lokaal met enige waterbottels, koeldrankbottels of enige vloeistowwe wat nie by die toesighouers gekoop is nie. Enige bottel sal verwyder word, ongeag die inhoud van die bottel.

vii. Geen onwettige middels of voorwerpe (alkoholiese drankies, tabakprodukte, vapes, e-sigarette, gevaarlike voorwerpe/wapens en vlambare items - sien Gedragskode van die skool) of lewende hawe word op die terrein van die fasiliteit toegelaat nie.

viii. Leerders kan die funksie slegs verlaat na die bediening van die nagereg.

ix. Die skoolhoof, adjunkhoofde, verteenwordigende onderwysers en hul gades betaal 'n verminderde fooi. Onderwyspersoneel wat aan diens is by die matriekafskeid mag die funksie gratis bywoon.

x. Alle ander onderwyspersoneel en administratiewe personeel gaan teen die koste van die spyseniering alleen. Hulle gades betaal dieselfde prys as die leerder se kaartjies.

xi. Graad 11 VLR-leerdes help met bediening gedurende die aand.

## 10. GEESVANGGELEENTHEDE

a) Alle geesvanggeleenthede is geslote funksies wat uitsluitlik bedoel is vir ingeskrewe leerders van Hoërskool Oos-Moot. Oueronderstеuning en -toegang sal per funksie se uitnodiging geskied.

b) Geen aanstoot mag gegee word wanneer leerders versoek word om volgens bepaalde temas aan te trek nie.

c) Leerders wat onwelvoeglik geklee is sal versoek word om hulself korrek te gaan aantrek.

## 11. VEILIGHEID EN SEKURITEIT

a) Hoërskool Oos-Moot is nie verantwoordelik vir enige voertuie, besittings, selfone en enige verlies en/of leed wat enige leerder/metgesel tydens die funksie of op pad na die funksie of op pad terug na enige bestemming nie.

b) Die funksies is dwelm-, rook-, nikotien-, vape-, wapen-, en alkoholvrye geleenthede wat geld vir binne en buite die lokaal.

Die gebruik van alkohol, tabakprodukte, vapes, dwelmmiddels en ander verbode middels is ontoelaatbaar en moniterende personeel sal op die uitkyk daarvoor wees, veral buite die funksie lokaal.

c) Die skool se Gedragskode geld nog steeds tydens die funksies en daar kan aan enige leerder opdrag gegee word deur enige verteenwoordigende opvoeder teenwoordig om die funksie te verlaat waarna daar na die tyd dissiplinêre stappe geneem word deur die skool. Siviele/kriminele aksie mag deur die skool geneem word teen metgeselle wat nie leerders van die skool is nie.

d) Leerders moet op die plekke, soos aangedui op die spesifieke funksie se tafelplan/stoelplan, sit en mag nie by gereserveerde tafels/stoele vir opvoeders en die skool se gaste sit nie.

e) Ouers en leerders neem verantwoordelikheid vir die gedrag van sy/haar kind se metgesel wat nie ’n leerder van die skool is nie. Ouers en leerders onderneem om sulke persone vooraf in kennis te stel van sy/haar verwagte gedrag en reëls en dat so ’n persoon versoek kan word om die funksie te verlaat in geval van ongeoorloofde gedrag en dat sy/hy aan die Gedragskode moet voldoen omdat dit ’n privaatfunksie van die skool is.

f) Tydens ’n skoolfunksie sal enige vorm van teistering of onbehoorlike gedrag teenoor personeel (ingesluit hekwagte) onder geen omstandighede toegelaat word nie.

g) Leerders mag nie op enige stadium hemde en ander kledingstukke wat hul lyf bedek uittrek nie. Die toepaslike drag moet vir die duur van die funksie gedra word, soos aangedui sal word tydens die funksie.

h) Enige danspassies of bewegings wat as seksueel eksplisiet of andersins onaanvaarbaar is, is nie toelaatbaar nie en leerders sal net een maal gewaarsku word waarna die hul die tweede keer die dansvloer verbied sal word vir die volle duur van die funksie.

i) Leerders en metgeselle wat die terrein waar die funksie gehou word verlaat, sal nie weer toegelaat word om terug te keer nie. Geen leerder mag die funksie voor 22:00 verlaat nie.

j) Die skool neem geen verantwoordelikheid vir enige byeenkomste van leerders na afloop van die funksie nie (bv. “after parties” en ander privaat byeenkomste waarna slegs sekere leerders uitgenooi word nie, ens.). Binne 30 minute na die amptelike afloop van die funksie moet alle leerders en metgeselle die lokaal en terrein verlaat.

k) Enige immorele/onsedelike gedrag sal lei tot uitsluiting en ’n opdrag dat die leerders/persone die funksie onmiddellik verlaat en dissiplinêre stappe geneem mag word.

l) ’n Noodplan vir ontruiming sal in plek wees en nooduitgange moet duidelik aangedui word en die opvoeders moet weet watter aankondigings om te maak vir ontruiming.

m) Die lokaal waar die funksie gehou word, moet ten minste 3 maande vooraf besoek word en ’n risiko-analise en veiligheidsinspeksie gedoen word.

## 12. GOEDKEURING

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanbeveel deur:**<br>**(Skoolhoof) (drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum:** | | | |
| **Aanbeveel deur:**<br>**(SBL-voorsitter) (drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum:** | | | |